



# O.B. HET REPUBLIEK UIT PARTYPOLITIEK GELIG SÊ

## K.G.

Die Ossewabrandwag het die republikeinse strydvraag uit die partypolitiek geruk. Daarmee het die lede van die Beweging die geleentheid om hul algemeen politieke pligte op partygebied na te kom sonder dat hul republikeinse ideaal in die gedrang gebring word, het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, verlede Saterdag tydens Vryheidsdagvierings op Amajuba gesê.

Die K.G. het as volg gepraat:

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 2 Maart 1949 Prys 3d. No. 15

## Offisiere Lê Grondslag Van Sterk Fonds Vir Eenheidspropaganda

Meer as ooit het dit vir die toekoms van ons volk noodsaaklik geword dat die hervormings wat die Ossewabrandwag bepleit, uitgevoer moet word. Die tekens is dan ook daar dat die huidige omstandighede uitvoering van hierdie beleid 'n praktiese moontlikheid maak. Reeds erken albei die groot partye die noodsaaklikheid dat ernstige vraagstukke „buite en bo die party-politiek” aangepak moet word, met ander woorde soos die Ossewabrandwag verlang. Al wat kort kom is dat die volk aangemoedig moet word om hierdie noodsaaklike hervormings te eis — en wel voordat dit te laat is.

Die Ossewabrandwag moet dus in die volgende maande in staat gestel word om sy propaganda wyd en sy te verkondig. Sy mondstukke moet sterk gemaak word. Die noodsaaklikheid hiervan het die offisiere voorverlede week op Wellington besef toe hulle hul hande diep in hul eie sakke gestee en die pragtige bedrag van byna £1,260 byeengebring het. Onder hierdie offisiere was daar sommiges wat dit nie baie breed na die stoflike het nie, maar hulle het nie teruggekeers van wat hulle as hul plig beskou het nie. Aan hulle en almal wat die dag daar bygedra het, kom baie groot dank toe.

Ons is oortuig dat daar nog baie lede van die O.B. en lesers van ons blad is wat ook graag hul deel wil bydra vir hierdie belangrike saak. Op hulle word 'n beroep gedoen om die voorbeeld van die offisiere te volg. Bydraes kan gestuur word aan die Sekretaris, Posbus 1411, Kaapstad. Die volgende is die lys van bydraes op Wellington ontvang:

P. R. Retief, Ceres, £100; W. P. Burger, Brandvlei, £100; dr. F. D. du T. van Zyl, Kaapstad, £100; G. Marais, Wellington, £5; mev. H. S. Brink, Sutherland, £5; J. W. C. Steenkamp, Calvinia, £50; J. H. Visser, snr., Veldrift, £10; J. J. Loock, Uniondale, £25; P. J. Theron, Sutherland, £25; mev. D. E. Tredoux, Tiervlei, £25; R. L. Barry, Robertson, £25; mev. C. W. Basson, Stellenbosch, £25; D. F. Malherbe, Riversdal, £25; J. F. Theron, Tulbagh, £25; W. Marsh, Paarl, £25; J. C. de Waal, Stellenbosch, £10; F. S. de Jager, Albertinia, £5; J. B. Zulch, Ceres, £10; T. J. Roos, Stellenbosch, £50; E. Wium, Stellenbosch, £50; A. Mouton, Heidelberg, K.P., £10; H. G. van Rensburg, Albertinia, £10; R. P. van Rooyen, Ysterplaat, £5; H. J. Steyn, Vasco, £5; J. Ras, Riversdal, £10; mev. A. Spies, Natal, £5; J. L. Swart, Heidelberg, K.P., £10; J. H. Visser, Bergvriër-stasie, £5; Jan du Toit, Hopefield, £10; J. J. Viljoen, Caledon, £25; mev. E. Lategan, Constantia, £5; mev. B. Harris, Tiervlei, £5; mev. G. Bothma, 10/-; P. Vosloo, Uniondale, £5; M. F. Smith, Robertson, £10; J. D. Viljoen, Paarl, £10; mej. L. J. Louw, Stellenbosch, £10; J. H. Gouws, Groblershoop, £10; mev. F. Kotze, Tiervlei, £5; mnr. en mev.

A. Viljoen, Richmond, £10; D. van Rhyen, Kanoneiland, 10/-; S. Nel, Brandvlei, £50; W. P. Burger, jnr., Brandvlei, £50; M. van Aarde, Malmesbury, £25; mev. F. van Niekerk, Bellville, £5; G. J. van Deventer, Caledon, £5; mev. H. Fouche, Caledon, £5; N. Scholtz, Groblershoop, £5; A. A. Roux, Botrivier, £5; C. F. Zulch, Ceres, £10; J. O. du Plessis, Robertson, £5; J. C. Truter, Koringberg, £5; mev. J. B. Kotze, Ysterplaat, £5; Max Smuts, Franschhoek, £10; D. J. Kotze, £2; Jan v. d. Merwe, Paarl, £5; A. Kotze, £5; S. W. P. du Plessis, Kanoneiland, £5; J. C. Valentyn, Kanoneiland, 10/-; G. F. de Villiers, Laingsburg, £1; L. Bieldt, Wolseley, £1; Kommando A11b2, £10; A. S. Gericke, Beaufort-Wes, £5; J. H. Blanckenberg, Klipheuwel, £5; J. S. v. d. Spuy, Klipheuwel, £5; H. Louw, Robertson, £5; J. D. Kriel, Robertson, £5; D. J. Basson, Uniondale, £5; mev. M. C. Hofmeyer, Paarl, £5; J. P. Viljoen, Wolseley, £5; Vriend, Wellington, £25; Wellington-Kommando, £10; Vriend, Wellington, £25; C. J. Blom, Sutherland, £5; E. L. Steyn, Malmesbury, £5; P. J. Loubser, Malmesbury, £5; Gert Conradie, £1; H. J. S. Bosman, Kraai-

fontein, £5; J. M. Grobler, Kaapstad, £5; H. C. M. de Wet, Worcester, £3; J. A. Smith, George, £10; dr. J. F. J. van Rensburg, Parys, £10; N. D. L. Burger, Brandvlei, £5; Vriend, Wellington, £25; S. J. van Niekerk, Wellington, £2 10/-; J. A. J. Miller, Riversdal, £1. Totaal, £1,257 10/-.



DR. HANS VAN RENSBURG

Hierdie is die negende feesviering wat die O.B. op Amajuba vier; agt daarvan was in die oorlog of nog in die skadu van die oorlog. Selfs verlede jaar, toe ons hier vergader het, het daar nog die oorlogse regering met allerhande duistere sin-spelings geheers.

Op 26 Mei is die hoofstuk finaal afgesluit en het die oorlogsregering tesame met die oorlog die vergetelheid ingetrek. Tot daardie heuglike resultaat het die Ossewabrandwag baie bygedra. Ek meen ons kan tereg sê dat as dit nie vir die verstandige optrede van die O.B. was op 26 Mei, sou die nuwe regering nie aan bewind gekom het nie. Ek bedoel dit in verband met die plaaslike ooreenkomste wat die O.B. voor die verkiesing gemaak het met kandidate van die H.N.P. en wat as gevolg gehad het dat ons mense heelhartig sulke kandidate ondersteun het. Die H.N.P. self het 'n minderheid van tien gehad, wat met medewerking van die Afrikanerparty omskep is in 'n meerderheid van vyf. Die oorwinning was dus ternouernood.

En in sowat dertig-veertig kiesafdelings het die H.N.P.-kandidate, wat hul plaaslike omstandighede behoort te ken, dit nodig geag om, ondanks die uitdruklike bevel van hul Hoofleier, met die O.B. tot 'n ooreenkoms te geraak. Wat die Hoofleier betref, dit was duidelik — en is dit vandag nog — dat hy liever die Smuts-regering terug sien as om met sy mede-republikein in die O.B. vrede te maak.

Ewewel, die verkiesing is gewen met 'n baie skraal gesamentlike meerderheid en niemand wat die posisie ken, kan twyfel dat daardie deurslag deur die O.B. in etlike kiesafdelings gegee is.

### OOORLOG VERBY

Of die kandidate wat so gretig hul erewoord gegee het, daardie erewoord na dit nagekom het, laat ek liever aan u eie oordeel oor.

Maar die feit bly dat die oor-

log sowel as die oorlogsregering nou van die baan is en dat die O.B. (wat grotendeels 'n kind van die oorlogsomstandighede was) nou sy taak van nuuts af moet bepaal en sy voete moet plaas in die na-oorlogse tydvak.

Dit is dan ook die strekking van die Grootraadsbesluit wat by die jongste sitting geneem is.

Daardie verklaring beklemtoon dat ons tydens die oorlog besef het dat die republikeinse Afrikanerdom aan onderdrukking blootgestel was en dat hardhandige optrede teen sulke onderdrukkingspogings vereis was. Daardie optrede het die Ossewabrandwag na sy heste vermoë onderneem en uitgevoer en hy vra vandag niemand daarvoor ekskuus nie en is bereid om, soos destyds, dit te verantwoord indien nodig.

In daardie opsig het die O.B. deur die oorlogsjare heen 'n historiese taak verrig wat op elke geslag van ons volk nog geval het . . . 1836, 1854, 1880, 1900, 1914 en nou weer 1940-1945.

Daar is natuurlik mense wat sê ons het te min gedoen; meestal is dit diegene wat niks gedoen het nie.

Ons het ons beslag gekry as republikeinse beweging en daardie roeping durf ons nimmer en nooit verloën nie.

### TWEE RIGTINGS

Hierdie land het nou eenmaal twee loyaliteite . . . 'n inheemse republikeinse en 'n uitheemse koninklike. Dit help nie om daarvoor te skel nie en dit help nie om daarvoor die oë toe te maak nie. Albei is histories hier gewortel en die verstandige leier probeer sover moontlik onnodige botsings uit te skakel. Veral omdat die loyaliteite ook grotendeels saamhang met die samestelling van ons blanke bevolking. Die oorgrote meerderheid van ons probleme raak nie die een of die ander van die twee ideale nie. En . . . dit is die kern van die Grootraadsbesluit . . . ons is vanselfsprekend bereid om in daardie oorgrote meerderheid van sake heelhartig met mede-Afrikaners wat van ons verskil, saam te werk. Met die Engelssprekende sowel as met die Afrikaanssprekende.

### DIEN BEWYS

En ons voel dat ons beide die republikeinse gedagte en tege-lykertyd die partypolitieke taak- (vervolg op bladsy 6, kolom 3)

## Offisiere van Wes-Kaapland

'n Blik op 'n gedeelte van die meer as 400 hoof-offisiere van Wes-Kaapland wat op 19 Februarie in die stadsaal, Wellington, vergader het om die O.B. se houding in die aanstaande H.N.P.-V.P.-verkiesing te bespreek. Die foto toon slegs die helfte van die stadsaal. By hierdie geleentheid het die K.G. verklaar: „Ek sal my selfrespek verloor as ek vir 'n H.N.P.-kandidaat stem, na wat met my kamerade Max Smuts en Machiel Elof gebeur het.”



# MINISTER BELOOF PERSOONLIKE HULP AAN JODE

Die Minister van Binnelandse Sake, dr. T. E. Dönges, het te kenne gegee dat hy bereid is om versoeke van mnr. J. Nossel, die Kaapstadse Jood wat hom vir die H.N.P. beywer, aan te hoor in verband met aansoeke van Jode wat wil naturaliseer en immigrer.

Mnr. Nossel het aan die Cape Argus verklaar dat baie Jode hul vertroue in sekere Joodse organisasies verloor het en het hom derhalwe versoek om namens hulle met die regering in verbinding te tree in verband met naturalisasie, vir die verkryging van permitte om permanent in die Unie te woon en om verlof te kry om familieleden na Suid-Afrika te bring.

Mnr. Nossel het reeds verlede Oktober met die leier van die H.N.P., dr. Malan, 'n onderhoud gehad oor Joodse belange in Suid-Afrika.

Dr. Dönges het nou ook aan mnr. Nossel 'n onderhoud toegestaan en hom bereid verklaar om aansoeke namens applikante deur middel van mnr. Nossel aan te hoor. Die Minister het wenke aan die hand gedoen hoe

die aansoeke gerig moet word en verklaar dat hy bereid is om waar nodig persoonlik aandag te skenk aan aansoeke, en dat hy, indien hy meer inligting wil hê, met mnr. Nossel sal skakel.

## VOORHEEN GEWEIER

„Ek was reeds suksesvol in een besondere geval wat aan die Minister voorgelê is nadat die saak deur die vorige regering verwerp is”, het mnr. Nossel verklaar.

Dr. Dönges het verder aan mnr. Nossel gesê dat elke aansoek simpatiek oorweeg sal word. Mnr. Nossel het ook dr. Malan op 9 Februarie vir die tweede keer gespreek en laasgenoemde het te kenne gegee dat hy ten gunste daarvan is dat individuele Jode na Suid-Afrika kom.

Ook Die Burger het berig dat dr. Dönges met mnr. Nossel gesels het en dat hy beloop het om aansoeke om naturalisasie sy persoonlike aandag te skenk.

## DRIE GEBIEDE STEM SAAM

Verteenwoordigers van Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië en Niassaland het tot 'n ooreenkoms geraak oor 'n hele reeks konstitusionele vraagstukke in verband met die voorgestelde eenwording van die drie gebiede. Die algemene gevoel is dat 'n federasie van die drie state tot stand moet kom.

Die mening is dat wanneer daar meer finaliteit bereik is, 'n volkstemming in die drie gebiede gehou sal word en die uitslag daarvan sal dan aan die Britse regering voorgelê word, wat in hierdie stadium glo nie baie gunstig gestem is vir so 'n stap nie omdat hy bang is vir kleur-diskriminasie.

## SMUTS SÊ NEE

Veldm. J. C. Smuts het dr. D. F. Malan in kennis gestel dat sy party nie sy weg oopsien om deel te neem aan die kommissie wat die naturrelevraagstuk moet ondersoek nie. Veldm. Smuts verklaar dat indien hy dit sou doen volgens die bepalings van die regering, dit sal beteken dat hy die V.P.-konstitusie prysgee vir die H.N.P. se beleid. Hy was wel bereid om saam te werk op 'n breër basis.

# „Partye Kan Saamwerk’ Sê Malan — Waarom Dan Verkiesing Oor Swart Gevaar?

Die vraag is die afgelope tyd van verskeie kante gestel of die huidige provinsiale verkiesing inderdaad oor die naturrelevraagstuk gevoer word, en indien ja, lewer die kieser wat sy stem weerhou omdat hy die H.N.P. nie 'n mandaat wil gee om met sy mede-Afrikaner te twis nie, blank Suid-Afrika dan uit aan die naturrellegevaar?

Die antwoord is beslis: Nee! En ons sal die bewyse lewer.

Op 26 Januarie 1949 het die Eerste Minister in die Volksraad voorgestel dat 'n gesamentlike parlementêre kommissie, van albei die „Huise” en verteenwoordigend van al die partye in die parlement, benoem word „om die toepassing in besonderhede van die apartheidsbeginsel, soos by die verkiesing goedgekeur, bepaaldelik ten opsigte van die naturrelevraagstuk te oorweeg” en om voor 31 Januarie 1950 aanbevelings te doen wat daarna in wetgewing vasgelê kan word (Hansard, 26 Januarie, kolom 119.)

Hierdie voorstel is aangeneem.

In sy amendement op hierdie voorstel het die Verenigde Party toegegee dat die kommissie opdrag sal ontvang „om die toepassing in besonderhede van die apartheidsbeginsel ten opsigte van die naturrelevraagstuk te oorweeg” (Hansard, 31 Januarie, kolom 302).

## UIT PARTY-ARENA GELIG

Die leiers van al die partye, dr. Malan, min. Havenga en veldm. Smuts, het in beginsel saamgestem dat die naturrelevraagstuk uit die partypolitiek gelig moet word.

Dit is derhalwe onsinnig om te beweer dat die H.N.P. die provinsiale verkiesing teen die V.P. moet veg oor die „Kaffer-gevaar” nadat die Volksraad reeds besluit het dat die partye in 'n gesamentlike kommissie gaan saamwerk om die vraagstuk op die basis van apartheid op te los.

Om die onsinnigheid van die bewering te onderstreep en om te bewys dat dr. Malan self geen noodsaaklikheid sien waarom die H.N.P. teen die V.P. moet veg oor die naturrelevraagstuk nie, dien die volgende aanhaling uit dr. Malan se toeligtig van sy voorstel vir 'n gesamentlike kommissie. Nadat dr. Malan verklaar het „dat wat betref die naturrelevraagstuk daar genoegsame gemeenskaplike gronde tussen die partye is dat ons oor daardie saak mekaar kan raadpleeg” en nadat hy gesê het dat die V.P. ook 'n naturrellegebeleid het, het hy woordeliks vervolg (Hansard no. 1, kolom 120-121):

„Dit (die naturrellegebeleid van die V.P.) het taamlik laat gekom — dit het verskyn op 1 Oktober van verlede jaar. Ek het gesê dat daar gemeenskaplike gronde is, en dit maak dit moontlik dat ons mekaar oor hierdie vraagstuk kan raadpleeg. Om hierdie rede wil ek 'n paar kort aanhalings doen uit die gepubliseerde beleid van die Verenigde Party. Dit is 'n aankondiging wat gekom het op 1 Oktober en dit het gekom van die Hoofkantoor van die Verenigde Party. Dit bevat die verklaarde beleid van die Verenigde Party insake naturrelle en die kleurlinge. Dit is die offisiële verklaarde beleid wat uitgegee is deur die hoofkantoor van die Verenigde Party

onder die naam en gesag van die leier van die Opposisie. Daarin word verklaar:

„Ooreenkomstig die program van beginsels staan die Party vir die leierskap en die gesag van die blanke en herbevestig hy die beginsels van Christelike voorgedyskap jeens die naturrelbevolkingsgroep as permanente onderdeel van die Unie se bevolking.”

„Ons het geen beswaar teen die uitspraak van daardie beginsel nie (aldus dr. Malan. Die tweede punt is dit:

„Die naturrellegebeleid is gegrond op die erkenning van vasstaande feite.”

„Hulle begin realisties word— „Meer in besonder die verskil

„Ek vra, of daar nie met die oog op die verklaarde beleid van die oorkant van die Huis, genoegsame gronde is dat ons met betrekking tot die naturrelevraagstuk gesamentlik met mekaar kan raadpleeg nie. So 'n kommissie sal die oog moet hou op die skemas van hierdie kant van die Huis wat ons voorgelê het; hy sal oog moet hou op die verklaarde offisiële beleide van die ander seksies van die Huis; en gelyktydig rekening hou met die ontwikkeling in die laaste jare wat voortspruit uit en in verband met die instroming op groot skaal van naturrelle uit hul gebiede in die blanke gebiede, en in verband waarmee die

Meegaande artikel oor die belaglikheid om 'n provinsiale verkiesing te voer oor die naturrelevraagstuk wanneer daar genoegsame grond vir samewerking tussen die twee partye bestaan, soos deur dr. Malan in die Volksraad uiteengesit, en die parlement inderdaad so 'n besluit geneem het, is geskryf voor die bekendmaking van die korrespondensie tussen dr. Malan en genl. Smuts. Die feit dat genl. Smuts om party-oorwegings die samewerking laat afspring het, plaas 'n swaare verantwoordelikheid op hom, maar dit verander niks aan die argumente vervat in hierdie artikel nie. Die gemeenskaplike grond bestaan nog, soos deur dr. Malan uiteengesit.

Al wat genl. Smuts se nie-deelname bewys, is hoe onmoontlik dit is om groot vraagstukke uit die „party-politieke arena” te lig binne die huidige stelsel — selfs al stem die partye in hoofsaak saam — en hoe reg die O.B. dus is om 'n hervorming van stelsel te bepleit.

tussen die blanke en die naturrelbevolkings en die bestaan, benewens die naturrelle in die reserwes, van die gevestigde naturrelbevolking op plase en in die stedelike gebiede.”

„Ons het nie die minste beswaar hierteen nie. Dan verder:

„Derhalwe is die party nie ten gunste van 'n beleid van gelykstelling of assimilasie nie en staan hy vir die handhawing van die beleid van afsondering.”

„Afsondering is baie sterker as apartheid (aldus dr. Malan):

„... vir die handhawing van die beleid van afsondering op maatskaplike gebied, aparte woonbuurte en ook die vermyding van rassevermenging; en die ontwikkeling met in agneming van die voornoemde feite van verskil, van die naturrelbevolking in hul eie en in die land se belang. Sodanige ontwikkeling sal onder blanke leiding plaasvind (a) in die naturrelreserwes as die nasionale en kulturele grondslag van die naturrelleras, met die oog op die draagkrag, ens. . . .”

Fagan-kommissie ondersoek ingestel het.

„Ek vrees, dat as hierdie amendement nie geluk nie, dit die laaste kans sal wees.

„Ek doen hier my poging, my nuwe poging, om die naturrelevraagstuk te lig uit die arena van die partypolitieke stryd en dit te behandel as 'n breë nasionale vraagstuk.”

Watter regverdiging bestaan daar vir die H.N.P. om 'n partystryd teen die V.P. aan te knoop oor die „swartgevaar” as daar, volgens dr. Malan self, genoegsame punte van ooreenkoms is tussen die partye om die vraagstuk gesamentlik op te los?

Daar is dus geen hoër belange in die provinsiale verkiesings op die spel as blote partybelange nie, behalwe sake van hospitale en skole, maar daaroor veg die H.N.P. nie. 'n Kieser wat van die stembus af wegbly weier eenvoudig 'om die H.N.P. 'n mandaat vir Afrikanertwis te gee. Hy doen niks meer nie. Trouens hy is sy H.N.P.-broer se hoeder, want hy probeer om hom op die pad van Afrikanersamewerking te hou.

## KINDERVREUGDE



Moedertjie, kom kyk! Nuwe skoene uit Suid-Afrika.

Gelukkige mens wat verantwoordelik is vir hierdie vreugde. Dit kan u deel wees. Bring vreugde in die hart van 'n kind en geluk in u eie lewe deur 'n bydrae vir die nood in Duitsland. Moenie uitstel nie. Stuur u bydrae aan:

Hoopstraat 105b, Kaapstad.  
Bloedstraat 164, Pretoria.  
Hippo-gebou, Produce-  
straat, Port Elizabeth.  
Noodlenigingskomitee, Ali-  
walstraat 20, Bloem-  
fontein.  
Windhoek, Posbus 831.

# DAHA

## HELP ONS OM TE HELP

ONS HET DIE ONDERSTEUNING VAN ADVERTERERS NODIG OM ONS BLAD UIT TE GEE, MAAR DIE ADVERTERERS HET ONS ONDERSTEUNING NODIG OM IN ONS BLAD TE KAN ADVERTISEER.

## Blad Noem Opvolger Van Dr. Malan

„Mnr. J. G. Strydom, Minister van Lande, het die stryd binne die Nasionale Party om die pos as onder-leier en opvolger van dr. Malan gewen,” skryf Forward, mondstuk van die Arbeidersparty.

Die blad verklaar dat sy teenstanders in Kaapland hom nou as sodanig aanvaar het. „Mnr. Strydom het die stryd om 'n eenvoudige rede gewen. Die Nasionale L.V.'s van die Transvaal en die Oranje Vrystaat staan vierkantig agter hom — en hulle is meer in getalle as die Nasionale L.V.'s in Kaapland. Met hierdie kragtige ondersteuning kan mnr. Strydom die Nasionale Party breek indien hy verkies om met sy volgelinge uit te stap.”

Die Kaaplandse Nasionale, sê die blad, is gedwing om hierdie toestand te aanvaar en dit is 'n bitter teleurstelling vir hulle dat dr. Dönges uitgeskakel is as die onmiddellike opvolger van dr. Malan.

Die Cape Argus verklaar dat die H.N.P. dit nie kan waag om vir dr. Malan 'n hulp-minister van buitelande sake te gee nie, omdat so 'n persoon beskou sal word as sy opvolger en die verskillende aanspraakmakers dit nie sal toelaat nie. Min. Strydom, so betoog die blad, is vir Keeromstraat onaanneemlik.

Dr. Malan het op 19 Februarie op Vasco verklaar dat daar baie is wat hom kan opvolg.

Die Verenigde State het aangekondig dat hy sy leermag in Alaska sal versterk. Dit word waarskynlik gedoen as teenvoeter vir Russiese uitbreiding.

**Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B.”**

# „EPOL”

IS NOU DIE  
ALGEMEEN  
ERKENDE  
BOBAAS  
VAN  
GEBALANSEERDE  
RANTSOENE

VIR  
PLUIMVEE,  
VEE  
EN  
VARKE

Vervaardig deur  
VEREENIGING  
CONSOLIDATED  
MILLS LTD.  
MAITLAND  
K.P.

## H.N.P. MOET 98 SETELS VAT OM POSISIE TE HANDHAAF

Vandag oor agt dae word die lot van Afrikanersamewerking beslis. Op 9 Maart toets die Herenigde Nasionale Party sy krag. Die aantal stemme en setels wat die H.N.P. in die Provinsiale Verkiesings gaan inpalm sal bepaal of die Party voortaan met die Afrikanerparty gaan saamwerk. Indien die H.N.P.-leiding se vermoede dat die Party sterk genoeg is om die land alleen te regeer deur die uitslag van die Provinsiale Verkiesings bevestig word, „is min. Havenga se posisie in die Kabinet nie 'n sikspens werd nie” want dan kan verwag word dat die H.N.P.-leiding hul twis teen mede-Afrikaners nie net tot die Ossewabrandwag sal beperk nie, maar sal uitbrei om ook die Afrikanerparty in te sluit.

In die afgelope weke het dit steeds duideliker geblyk dat die Provinsiale Verkiesings die skaal is waarop die H.N.P. hom wil weeg, en dat sowel die Afrikanerparty as die Ossewabrandwag opsy staan sodat die H.N.P. „suiwer” gewig kan meet.

Dit mag op hierdie stadium, vóórdat die uitslag van die verkiesings nog enigszins bekend is, nuttig wees om te bepaal hoeveel stemme die H.N.P. op hom moet verenig en hoeveel provinsiale setels die Party moet verower om sy reg tot alleenheerskappy te bewys.

Op 26 Mei 1948 is daar 401,384 stemme op die H.N.P. uitgebring. As hierby 5,000 stemme getel word uit die kiesafdeling Oudtshoorn wat die H.N.P. onbestrede toegeval het dan styg die H.N.P.-totaal na 406,384. Maar dit verteenwoordig nie die totale aantal anti-Smuts-stemme nie. Tydens die selfde verkiesing het die Afrikanerparty 41,885 stemme op hom verenig. As hierby die 3,984 stemme van die Onafhanklike A.P.-kandidaat in Brakpan, adv. John Vorster, getel word, dan styg die A.P.-totaal na 45,869. Die H.N.P. en die A.P. het dus op 26 Mei 1948 die groot-totaal van 452,253 stemme gekry.

### NOG MEER

Maar selfs hierdie groot-totaal is nog nie 'n korrekte weergawe van die posisie wat die totale aantal uitgebragte stemme weerspieël nie. Die Suid-Afrikaanse Party van kol. Stallard en die Sentrale Groep onder leiding van eerw. Miles Cadman (tans senator deur dr. Malan benoem) het ook vir apartheid en teen die V.P. gestem. Die 11,894 stemme van die Stallard-party en die 15,460 stemme van die Cadman-groep moet dus by die H.N.P.- en A.P.-stemme getel word om die totale aantal anti-Smuts-stemme te verkry.

Voorts moet in gedagte gehou word dat 44,135 stemme op onafhanklike kandidate uitgebring is en as die helfte hiervan beskou word as anti-Smuts-stemme en die ander helfte as anti-Malan-stemme

dan moet daar nog 22,067 stemme getel word by die totaal van anti-Smuts-stemme.

### HALFMILJOEN

Derhalwe mag gesê word dat op 26 Mei is daar altesame 501,674 stemme teen Smuts en die V.P. uitgebring.

Op 9 Maart trek die H.N.P. alleen teen veldm. Smuts en die V.P. op. Die Stallard-party en die Cadman-groep het vir alle praktiese doeleindes van die

### POLITIEK IN OENSKOU DEUR WAARNEMER

toneel verdwyn en die A.P. neem nie deel aan die verkiesings nie. Indien die H.N.P. wil beweer dat die Party in staat is om alle nasionaalgesinde en anti-Smuts-stemme op hom alleen te verenig; en indien die H.N.P. die 26 Mei-standaard wil handhaaf dan moet die H.N.P. op 9 Maart 501,674 stemme ontvang.

### STELLENBOSCH

Dit moet egter onthou word dat die 26 Mei-standaard nie meer geldend is nie. Die tussenverkiesing op Stellenbosch het sedertdien 'n nuwe standaard geskep.

Na maandelange samewerking met die A.P., en nadat voorgegee is dat die H.N.P.-diskriminasie teen O.B.-lede gestaak het, is die Party se stemme-tal tydens die tussenverkiesing met 435 of 71 persent vermeerder. Indien die H.N.P. die tussenverkiesing-standaard in sy groot-totaal wil handhaaf, sal die party dus minstens 530,000 stemme op hom moet verenig op 9 Maart.

### SETELS

Indien die H.N.P. die 26 Mei-standaard ten opsigte van setels wil handhaaf, sal die party in Kaapland 28 setels en in Transvaal 36 setels moet verower. In die Vrystaat en Natal met 25 provinsiale setels elk teenoor 13 en 16 parlementêre setels onderskeidelik, sal die H.N.P. meer provinsiale as parlementêre setels moet verower om 'n 26 Mei-oorwinning te ewenaar. Dit beteken dat die H.N.P. in

## EN 530,000 STEMME

die Vrystaat 23 provinsiale setels moet verower en in Natal minstens 4 provinsiale setels.

### NUWE STANDAARD

Indien die H.N.P. egter die nuwe hoogtepunt wil handhaaf, wat die Party saam met die A.P. tydens die Stellenbosse tussenverkiesing bereik het, en indien die H.N.P. nie wil retireer na die 26 Mei-posisie nie, sal die H.N.P. in Kaapland 30 setels moet verower, nl. addisioneel Vasco en Caledon met V.P.-meerderhede van 111 en 185 onderskeidelik. Die H.N.P. sal dan ook 'n amper-oorwinning in Hottentots Holland moet behaal. (V.P.-meerderheid 571). In Transvaal sal die Party dan 40 setels moet verower, nl. addisioneel Alberton, (vervolg in volgende kolom)

## Wat D.A.H.A. Gedoen Het

D.A.H.A. het die afgelope jaar 'n reuse-taak verrig om die nood in Duitsland te verlig, blykens gegewe wat mnr. W. H. Andrag, voorsitter van die noodlenigingsorganisasie, aan Die O.B. verstrek het.

Gedurende die afgelope jaar het die organisasie £12,616 aan bydraes en donasies ontvang wat aangewend is om die nood te lenig. Daarby het hulle skoene, klerasie en lewens-middele ter waarde van £31,185 ontvang wat na Duitsland verskep is. Verder is rouwol en ander produkte ter waarde van £5,566 ontvang. Dit sluit onder meer 87 bale wol, 236 gellings vitamien-olie en 5,250 pond aartappels in.

Die omsendbrief wys daarop dat die noodtoestand in Duitsland nog steeds hulp verg.


(vervolg van vorige kolom)

Brakpan, Johannesburg-Wes en Nigel met V.P.-meerderhede van 171, 2, 32, en 156 onderskeidelik.

Dit alles beteken dat indien die H.N.P. die 26 Mei-standaard wil handhaaf, sal die Party 91 provinsiale setels moet verower; indien die Party egter die Stellenbosse tussenverkiesing-standaard wil behou, sal hy 98 provinsiale setels moet verower.

(Opgestel deur W. R. Laubscher, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.)

• Modern!  
• Aantreklik!  
• Goedkoop!



## 219-EETKAMERSTEL

Hierdie 219-eetkamerstel het 'n buffet van 'n buitengewoon mooi en aantreklike ontwerp. Dit is in drie verdeel en het 'n afskorting vir die vertoning van glasware en porseleinware. Daar is twee laaie, een met baal oorgetrek vir messegood en twee kaste wat met rakke toegerus is. Die tafel is 3 vt. x 3 vt. en uitgetrek is dit 5 vt. x 3 vt. Die stel het 6 stoele met hol rugleunings en los paneelsittings wat met rexine oorgetrek is.

£51/4/6 KONTANT

Deposito van £8/2/6 en 20 Maandelikse Paaielemente van £2/10/3. (VERPAKKING GRATIS)

# Phil Morkel

6 TAKKE  
POSBESTELLINGSAFDELING:  
POSBUS 2721 KAAPSTAD

## „Elke O.B. Moet Op Blad Inteken”

Die dringende noodsaaklikheid dat elke offisier en lid van die Ossewabrandwag onmiddellik intekenaar op Die O.B. moet word, is besonder sterk beklemtoon deur die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, toe hy die hoof-offisiere tydens die Gebieds-raadvergadering op Wellington toegesprek het.

Die Adjunk-K.G. het verklaar dat Die O.B. as mondstuk van die Beweging in die toekoms nog 'n belangriker taak sal verrig as in die verlede omdat dit die brandpunt van die Bewe-

ging se propaganda sal word vir die bereiking van die eind-ideaal. Dit moet die middel wees waardeur die O.B.-gedagte die volk moet deursuur.

As offisiere van Brandwagte weet wat nog nie intekenare is nie, rus die plig op hulle om toe te sien dat hulle sonder verzuim op ons lyforgaan inteken.

Ook genl. P. R. Retief van Ceres, die voorsittende offisier, het hom sterk in hierdie verband uitgelaat en verklaar dat daar geen rede is waarom elke O.B. nie die blad kan ontvang nie.

DIE O.B., WOENSDAG, 2 MAART 1949

## GOEDHEID KAN OOK LEI TOT AFGROND

Daar is blybaar nog hier en daar O.B.-lede wat dit baie goed met die Beweging bedoel, maar deur H.N.P.-propaganda onder die indruk gebring word dat hulle 'n misdaad begaan indien hulle die leiding van mnr. Havenga se party volg om buite stemming te bly. Dat dit die geval is, spreek boekdele van die welslae waarmee die Ossewabrandwag se pogings om selflose volksdiens by sy lede te kweek, bekroon is. Trouens die blote feit dat die H.N.P.-leiding nog steeds sedert 1941 die vrymoedigheid — om dit maar sag uit te druk — gehad het om O.B.-lede te vervolg, selfs tot binne 'n vriendskaplike bondgenootparty en dan nog steeds staat te maak op hul ondersteuning by die stembus, is 'n pluimpie vir die selflose diens waarmee die O.B. sy lede besiel het. Dit is 'n selfloosheid waarop seker geen organisasie nog ooit in ons land kon roem nie. Lees nou ook maar die enkele briewe in ons blad van lede wat die wang nog steeds wil draai vir die broer se geniepsige hand bloot omdat hy meen hy daardeur sy volk 'n diens bewys. Weergalose offervaardigheid en volksliefde inderdaad! Indien die leiers wat so maklik oor nietighede magtige volksbewegings van bo tot onder skeur, maar 'n greintjie van hierdie selfloosheid wou openbaar, hoe ver sou ons volk nie al gestaan het nie! Ja waarlik, die Ossewabrandwag kan geluk gewens word met die produkte wat hy gelewer het!

### GEVAARLIK

Maar soos die spreekwoord sê, alles met 'n „te” voor, behalwe tevrede, is gevaarlik. 'n Mens kan te goed en ook te toegeeflik wees. Neem by voorbeeld die ouer wat vir sy kind te goed is, wat hom nooit wil tug nie. So 'n ouer was Eli, en ons weet die gevolge van sy goedheid. Want daar kom tye wanneer mens ook „nee” moet sê. Die ouer wat uit goedheid sy kind maar toelaat om op die rand van die afgrond te loop, se goedheid en toegeeflikheid gaan te ver. Die boer wat uit goedheid vir sy hond laasgenoemde maar toelaat om skape dood te byt, se goedheid gaan te ver, want daar is ook die skape om in aanmerking te neem. Net so gaan die O.B.-lid, wat maar bereid is om aambeeld te speel vir die H.N.P.-leiding, te ver omdat hy in sy selfloosheid net aan homself dink, en nie aan die gevolge wat daardie aambeeld-spelery vir sy volk mag hê nie.

### MAAK EERS SEKER

Die mense wat dus voel dat hulle in elk geval maar die H.N.P. wil steun omdat hulle daardeur hul volk „dien”, moet vooraf, voordat hulle die A.P.- of O.B.-leiding van koersafwyking beskuldig, eers baie seker maak in hoever hulle hul volk bevoordeel of benadeel.

Die eerste feit wat hulle al moes getref het, is dat mnr. Havenga, wat saam met dr. Malan in dieselfde kabinet sit, ook sy volgelinge aangeraai het om passief in die verkiesing te bly. As buite stemming bly dan verraad teenoor die nasionale regering of die volk is, dan spreek dit tog vanself dat mnr. Havenga besig is om verraad teenoor homself te pleeg. Dit lyk tog onmoontlik. Maar die rede dat hierdie skynbare teenstrydigheid kan plaasvind, lê juis daarin dat die aanstaande provinsiale verkiesing nie gaan oor die staan of val van die regering nie. Dit het met die voortbestaan van die regering niks te doen nie — behalwe in sover dr. Malan die uitspraak daarvan kan beskou as 'n bewys dat hy sonder mnr. Havenga kan regeer en daarom die parlement sal ontbind en 'n nuwe parlementêre verkiesing uitskryf. Dit sal dan beteken die ontbinding van die huidige nasionale regering en 'n wegbreking deur die H.N.P. van mnr. Havenga en ander nasionale groepe. Maar dan beteken 'n stem vir die H.N.P. juis 'n stem teen mnr. Havenga en die huidige regering. Daarom dan ook dat mnr. Havenga, wat baie goed weet wat aangaan, besluit het om sy mense buite stemming te hou — hy kan immers nie teen homself stem en sodoende teen die nasionale regering soos tans saamgestel nie.

### SLIMMER AS LEIERS

Maar die gevaar bestaan nog altyd dat selflose O.B.'s en A.P.-lede slimmer kan wees as hul leiers wat eerste-handse kennis het, en tog maar „terwille van die volk” vir die H.N.P. en dus teen mnr. Havenga en die koalisie-regering gaan stem. Op grond van hul vertroue sal dr. Malan dan die nasionale regering ontbind en 'n nuwe verkiesing uitskryf. 'n Gewisse nasionale regering — wat vandag in die kussings is en daar vyf jaar lank kan bly — sal dan omgeskep word in 'n onsekere verkiesing waarin enige ding kan gebeur. Dit is nie onmoontlik dat genl. Smuts met die een of ander plakkaat-histerie dan weer aan bewind kan kom nie. Dan het die goeie O.B. met sy toegeeflikheid presies bewerkstellig wat hy wou verhoed het, en nog erger. Hy sal dan 'n Empire-regering gehelp daarstel het omdat hy gemeen het hy 'n nasionale provinsiale raad help

(vervolg in volgende kolom)

## Brief Aan My Partyvriend:

# MOET EK MY BROER HELP AS HY KWAAD DOEN?

Geagte Vriend,

Jy skryf dat jy baie bekommerd voel oor die houding van die Ossewabrandwag in die provinsiale verkiesing. Jy meen dat die O.B. nou sy mede-Afrikaner in die steek laat en dus strydig handel met sy eie beleid, en ook daarmee sy volk in die steek laat. Verder skryf jy dat jy oortuig is dat die H.N.P.-leiding uiteindelik tot beter insigte sal kom indien die O.B. elke keer vir hom stem.

Wat hierdie laaste stelling van jou betref, kan ek net daarop wys dat dr. Van Rensburg hierdie bewering afdoende beantwoord het op Wellington voorverlede Saterdag. Na elke toegewing van die O.B.-kant het die houding van die H.N.P.-leiding openliker en feller vyandig geword. Hulle het dit eenvoudig beskou as 'n aanduiding dat die O.B. besig is om te verdwyn en nou met groter brutaliteit finaal kopgeslaan moet word. Ek noem net die een voorbeeld: Nege maande gelede het die H.N.P.-leiding nog probeer wegsteek dat hy adv. John Voster in Brakpan geveto het, maar hierdie keer het hulle geen geheim daarvan gemaak nie omdat hulle glo dat O.B.-lede sal maar weer „in elk geval vir ons stem” soos wat dit taamlik algemeen op 26 Mei die geval was. Met ander woorde, die O.B. het geleer dat elke O.B.-stem wat uitgebring word vir die H.N.P. solank laasgenoemde in sy uitdagingstryd teen die O.B. volhard, 'n stem is vir groter vyandskap teen die Beweging en — wat meer is — groter bestendiging van volksverbroekeling en broedertwis. Jy kan dus nie die O.B. verwyrt as hy hierdie keer 'n ander metode wil volg om volksverdeeldheid te beëindig nie.

### EENPARTY-BELEID

Jy hou verder ook nie rekening met die H.N.P. se uitdruklike beleid van 'n eenparty-regering nie. Hul standpunt is heeltemal uitgesproke dat daar alleen dan „volksseenheid” sal wees wanneer alle partye of groepe ontbind en hul onvoorwaardelik by die H.N.P. aansluit — 'n eienaardige standpunt vir mense wat hulle daarop beroep dat selfs in die partylose Republiek daar „partye” bestaan het, en daar dus meer as een party MOET wees. Solank hierdie idee gehandhaaf word, is dit onmoontlik om te verwag dat enige toegewing — hoe groot ook al — die partyleiding sal beweeg om 'n ander groep se bestaansreg te erken. En juis omdat die H.N.P.-leiding op hierdie eenparty-standpunt staan, is dit hul voorneme om van die provinsiale verkiesing 'n toets van hul eie krag te maak, sodat hulle kan sien of dit nodig is om nog langer in stryd met hul beleid met ander partye en groepe saam te werk.

### TEEN VOLKSEENHEID

Die O.B. wat dus in hierdie toetsverkiesing vir 'n H.N.P.-

(vervolg van vorige kolom)

bewerkstellig. Hy sal dan bevind dat die eier wat hy die volk in die hand wou druk, op die ou end 'n skerpioen geblyk het te wees. Mnr. Havenga se houding spruit sekerlik nie uit kwaadwilligheid teenoor die regering waarvan hy lid is nie!

kandidaat stem, stem teen samewerking. Daarmee stem hy nie alleen teen sy eie grondideaal van volksseenheid nie, maar hy handel ook baie oneerlik teenoor dr. Malan. Laasgenoemde wil sy eie krag toets om alleen te kan staan, en hier gaan 'n O.B. nou, wat nie met daardie eenparty-beleid staaftem nie, en hy sê by wyse van sy stembriefie aan dr. Malan dat hy met hom saamstem en dat dr. Malan hom maar kan reken as 'n ondersteuner van daardie skeurbeleid. Hy mislei dr. Malan dan, want dit sal nie te lank wees nie voordat hy weer na die stem van sy oortuiging en gewete sal luister en dr. Malan dan kwalik neem omdat hy mnr. Havenga weggeskop het. Moet hy nie liever dr. Malan vóór die onherroepelike stap waarsku nie in plaas van hom eers aan te moedig en later te verwyrt?

### „IN DIE STEEK LAAT”

Om dan nou te kom tot jou bewering dat die O.B. sy mede-Afrikaner in die steek laat, en daarmee ook sy eie volk, wie se bestaan glo op die spel is: Ek, as O.B., glo dat die beleid van skeuring en verbittering — o.a. deur haataanblasing en skinderveldtogte teen mede-Afrikaners soos dr. Van Rensburg — tot die ondergang van ons volk gaan lei. Wanneer jy al verplig word om Jode soos Nossel en hul oorsese familie-lede as plaasvervangers te gebruik in die plek van goeie republikeinse Afrikaners wat jy uit jou party verdryf het deur middel van kongresbesluite, dan begin jou volk in net so 'n groot gevaar te verkeer as wanneer vyande van buite hom bedreig. Dit is dus 'n volksafbreking wanneer 'n stryd voortgesit word teen republikeinse mede-Afrikaners op grond van hul republikeinse ideale terwyl vreemdelinge met veel meer onaanvaarbare ideale van imperialisme ens., ingeroep word as medestryders vir „blank Suid-Afrika”. As Nossel goed genoeg is vir die redding van blank Suid-Afrika, ek en Max Smuts ook.

### MY BROER

Vir my kom hierdie skeurbeleid op dieselfde neer as wanneer my broer met 'n koevoet aan die fondamente van ons huis kap. Die feit dat ek

voorheen my gebind het om hom by te staan in sy stryd om die plaas te behou en te bewerk, en om hom daarin „nooit in die steek te laat nie” werp geen verpligting op my om hom nou te gaan bystaan in daardie afbreking van ons huis nie, al beduie hy ook hoe vir my dat hy slegs 'n miernes wil uithaal, wat ek baie duidelik kan sien nie daar is nie. Ek het 'n veel groter plig om ons erfhuis in stand te hou as om my broer te gaan help die fundamente uitgrawe net omdat ek eenmaal belowe het dat ek hom „nooit in die steek sal laat nie.” Voordat hy my nie eers oortuig dat daar wel 'n miernes is nie, sal ek dit my plig ag om die koevoet van hom af te neem en hom in sy vernietigingswerk teen te gaan.

### DIE BEWYS

Nou sal jy vir my vra: maar is jy oortuig dat daar nie werklik 'n miernes is waar jou broer grawe nie? En hierop antwoord ek: „ja, wat die huidige provinsiale verkiesing betref, beslis!” Indien dit waar is dat ons volk deur die naturelle — waaroor die verkiesingstryd hierdie keer gaan — so bedreig word dat hy met sy rug teen die muur veg, soos H.N.P.-propagandiste wil voorgee, dan sal hulle elke witman — en selfs elke nie-blanke wat wil — se hulp aanvaar in daardie doodsworsteling.

En as hulle dit nie doen nie, pleeg hulle 'n groter misdaad teenoor die volk as wat ek doen, wat slegs 'n stem het om uit te bring en nie, soos die H.N.P., die taak op my geneem het om „blank Suid-Afrika” by die stembus te verdedig nie.

Die feit dat hulle goeie Afrikaners soos Max Smuts en Machiel Eloff se hulp weier in kiesafdelings wat daardeur verloor kan word, is vir my bewys dat hulle self nie glo dat dit blank Suid-Afrika se laaste kans is nie.

### NIKS DAARMEE TE DOEN

Bowendien het die provinsiale verkiesing, wat eintlik oor skole, hospitale en ongediertes moet gaan, niks te doen met die behoud van blank Suid-Afrika nie. Hulle sal nooit die voorreg of die plig hê om oor die voortbestaan van blank Suid-Afrika (vervolg op bladsy 6, kolom 2)

## VRYHEIDSDAG 1949

WORD GEVIER DEUR

Generaalskappe 11, 2, 3 en 18

OP

SATERDAG, 5 MAART

OP DIE SKOUTERREIN TE

PAARL

\*

Spreker:

GENL. JOHN VORSTER van Brakpan

Vanaf 5 nm. tot 7.45 nm. — GESELLIGE VERKEER

Vanaf 7.45 nm. — AMPTELIKE PROGRAM

\*

● Bring u eie wors, vleis en toebröodjies saam ● Koffie word verskaf ● Moenie die stukkie hout vir die Vryheidsvuur vergeet nie! ● Bring ook u vriende saam!

## WAARDERING VIR ,SONDER GEWERE'

Van Zyl, Eppingtuin, skryf:

Vergun my net 'n paar woorde van dank aan die skrywer van die boek: „Sonder Gewere”. Ek het dit nou vir die derde maal deurgelees en vind dit nog altyd meer interessant. Die skrywer — wie hy ookal mag wees — het met die skrywe daarvan 'n juweel gelewer tot die Afrikaanse letterkunde wat elke leser behoort te waardeer. Ek het al die boek aan baie mense uitgeleen en elkeen het met waardering daarvan gepraat. Ek sal bly wees om meer van daardie heer se boeke te bekom. Is daar miskien nog werke uit sy pen? Dan ook my hartlike dank vir „Ons Jaarboek”. Ek weet nie hoe u dit so goedkoop aan ons kan lewer nie. Hierdie is ook 'n hydrae wat in die besit van elke Brandwag moet wees. Dankie nogmaals en alle sukses vir die toekoms.

(Behalwe Sonder Gewere het daar ook 'n aantal kortverhale van die skrywer in tydskrifte, o.a. Die O.B., verskyn, meestal oor die republikeinse verset tydens die afgelope oorlog.—Red.)

## VOLBLOED H.N.P. SE DANK

Mnr. L. L. Coetzee, Biessiesbult, Lichtenburg, skryf:

Met innige simpatie erken ek die ontvangs van die O.B.-koerantjie wat u seker gratis aan my stuur.

As volbloed H.N.P.-lid bedank ek u van harte, dat u nog in die haglike posisie wat die O.B. verkeer, probeer om soos wat dit tipies van die O.B.-leiding kan verwag word, probeer u nog om koersloosheid onder die geleedere van die Boerenasie te saai, en getrou aan u verlede wag u altyd tot wanneer die Volk voor sy grootste vraagstukke staan, dit wys ons net hoeveel die O.B. omgee vir die toekoms van blank Suid-Afrika.

Waarom het die O.B. voor 26 Mei met dieselfde stories gekom as hulle die belange van die Volk op die hart dra. Die regering het in die klein tydjie tog gewys dat hulle doen wat hulle sê.

Ek lees die Vaderland en die Transvaler en die soort van diskriminasie wat u in die O.B. pleeg is in twee genoemde koerante nie te kry nie. Maar die ou menslike geslag is nou maar eenmaal so aangelê om sy medemens te beskuldig vir wat hy self doen, ten voordeel van

Satan. Ek merk op dat u in u blad melding maak van die breë grondslag, waarlangs alle vraagstukke aangepak moet word.

Nou wil ons graag weet hoe die O.B. soiets sal kan uitbring in die praktyk, waar die O.B. se bevele van bo af kom, en waar elke Brandwag nie die reg het om iets anders as ja te sê nie. Rede waarom skrywer hiervan geskors is. Verder kom in u blad net voor 'n tweedragssaaiery tussen die H.N.P. en die A.P. Is dit nie 'n skande vir mense wat so hoog bokant die politieke twiste staan soos wat deur hulle beweerd word nie, en dan kan ek amper sê 'n gevryery na die V.P. Dit is wat ek diskriminasie noem. U sê in u blad: „Moet stem maar mag nie staan nie.”

Nou wil ek graag van u weet waarom die O.B. nie vir adv. C. R. Swart aanstel as A.K.G. van die O.V.S. of enige andere vooraanstaande H.N.P.-lid nie, hoe hou u daarvan.

U maak ook melding in u blad dat die H.N.P. sy deure gesluit het vir Brandwagte, maar dan wonder ons waarom die H.N.P. altyd sterker word in getalle, as hy dan altyd daarop uit is om mense weg te jaag, of val die H.N.P.'s dalk uit die lug.

Ek hoop en vertrou dat u my skrywe net so in u koerant sal plaas, daar ek gewillig was om u inligtings in u blad goed te bestudeer.

U kan maar die antwoord ook plaas as u hierop wil antwoord.

So ja nou voel ek beter. (Miskien sal u nog beter voel as ons u meedeel dat u Die O.B. nie van ons gratis ontvang nie — dit moet die een of ander kennis van u wees wat 'n pèrel te spaar het.—Red.)

## Die Aambeeld

Mev. W. M. van Rensburg, Erf Baccelona, P.K. Louisvale, skryf:

Wat ek hier sê is uit die grond van my hart en met die beste bedoeling. Dit is vir my so pragtig dat die K.G. na al die aanvalle so kalm en koel bly. Dit dwing onwillekeurig nog meer agting vir hom af, selfs by die vyande.

Nou wil ek vra dat ons lievers ons vyande, die H.N.P., moet help om die meerderheid te kry met die provinsiale verkiesing. Kyk, ons het nog al-

## Soos Ons Lesers Dit Sien

tyd stank vir dank gekry. Laat ons weer ons kragte ingooi. Dit is vir ons volk en nie vir die H.N.P. nie. Ons sal net meer vyande kry deur nie te stem nie soos die oningelikes nou reeds doen. Ons is en was tog nog altyd die aambeeld wanneer hulle hamer. Deur ons voorbeeld sal hulle later tot beter insig kom en skaam word.

Daar is 'n mooi versie wat sê: Die mens is groot namate hy kan vergewe. Om goed met kwaad te vergeld, is duiwels; om kwaad met kwaad te vergeld is menslik; om goed met goed te vergeld is edel; om kwaad met goed te vergeld is Goddelik.

(Dink u nie die volk word naderhand pap geslaan tussen die hamer en aambeeld, en dat die aambeeld gerus 'n slag kan kies sodat die hamer uit die hand kan val nie? Lees ook ons hoofartikel en „Brief aan my Partyvriend” op bladsy vier.—Red.)

## ,DIKTATORPARTY'

Mnr. J. P. Stassen, Bus 1372, Pretoria, skryf:

Ek is 'n nougesette leser van u blad. Dit verstom my dat u nooit moede of mat word om van die een dag na die ander sulke bitsige aanvalle te maak op die H.N.P. alias dr. Malan. Is dit nou werklik waar dat die Nasionale Party vyand no. 1 is van die O.B.? Dit is maar selde dat 'n mens in u blad 'n aanval op die S.A.P. of genl. Smuts vind.

Nooit vind ek 'n enkele brief van 'n O.B. wat met u bekladding verskil nie. Is dit moontlik dat hulle almal sonder uitsondering net soos u dink en voel, of is dit dat u die menings van andersdenkendes smoor? Gee dit 'n mens nie die indruk dat die O.B.-beweging 'n eenmans-diktatorparty is nie?

Kapt. Henri Slegtkamp, D.T.D., haal aan dat wyle mnr. Lou Steytler sou gesê het dat dr. Malan van hom 'n Sap gemaak het. Wel, dis 'n kwessie vir 'n interessante debat. Maar nou wil ek konstateer as 'n feit dat die O.B. die laaste 5 jaar duisende van sy getroue en fanatieke lede verloor het, en omdat die O.B.-leiding die N.P. so beswadder, het baie van hulle maar 'n tuiste gesoek in die eensgesinde broederlike S.A.P. Dit is heeltemal aanneemlik. Ek ken persoonlik 'n hele paar Stormjaers wat heeltemal koud en onverskillig teenoor Afrikaner bewegings geword het. Het die O.B.-leiding en veral u blad nie baie deeglike Afrikaners Sappe gemaak nie?

Om terug te kom op die aanstaande provinsiale eleksie. Weereens, soos met elke vorige eleksie, het dr. Van Rensburg opdrag gegee dat O.B.-lede buite stemming moet bly. Wens u en die O.B.-leiding en -lede werklik dat die N.P. 'n kafferpak moet kry ten voordele van Genl. Smuts? Indien so, waarom dan nie deur u stem die kafferpak meer verpletterend maak nie?

Dr. van Rensburg sê dit is maar net 'n Nasionale Party-eleksie suiwer en gesuiwerd. Die N.P. wil dan kwansuis net uitvind of hulle sterk genoeg is om vir die A.P. en O.B. te sê ons is sterk genoeg en het julle nie meer nodig nie. Dit is 'n politieke kwaadwillige onwaarheid. Dit is nooit gesê of gedink deur enige verantwoordelike nasionalis of leier nie, en u en elke O.B. weet dit.

Die Nasionale leier kan nie sonder die steun van die O.B. klaarkom nie, maar dit is ewe

waar dat die O.B. sonder die N.P.-steun ook nie enigiets kan presteer nie.

(Verkort, maar vind u dit nie snaaks dat u aanvalle op die Ossewabrandwag in Die O.B. verskyn en in die verlede ook verskyn het nie? Die O.B.-lede het vir baie jare nie eens die voorreg gehad om 'n pleidooi vir volkseenheid in die H.N.P.-pers te lewer nie. Dog laat ons maar aanneem dat dit die O.B. is wat 'n „diktatorparty” is — u neem tog immers nog veel meer aan as dit.—Red.)

## Hollander Se Gevoel

Mnr. W. Wiekenkamp, Carpentierstraat, Den Haag, Nederland, skryf:

Ter aanvulling van my vorige skrywe wil ek graag verduidelik. Ek is geen bewonderaar van Engeland nie, gesien in die lig van sy optrede in die verlede en nog nou teenoor Nederland ten opsigte van sy houding in die Veiligheidsraad teenoor Indonesië.

Die Duitsers het ek gedurende die oorlog leer ken. U kan nie verwag dat ek hulle simpatiek gesind moet wees nie. Daarvoor was ons tydens die besetting te veel vervolg en het ek te veel honger gely. Dit wil egter nie sê dat ek haatdraend is nie. Die oorlog is verby en ons moet probeer om die vrede te wen en daarby moet Duitsland ook ingeskakel word. Ek is en bly teen die nasionaal-sosialisme en is daarmee eens dat die oorlogsmisdadigers gestraf moet word.

Ek kan wel begryp waarom u nie teen Duitsland wou veg nie. Engeland is u vyand en

het Suid-Afrika op lae wyse oorweldig en verdruk. Lord Kitchener en Roberts en sulke „groothede” moet ook tereg staan as oorlogsmisdadigers gesien in die lig van hul optrede teen vrouens en kinders. Wat Engeland teenoor Suid-Afrika gedoen het, dit het Duitsland teenoor Nederland gedoen.

As ek 'n Afrikaner was, sou ek 'n republikein wees. Omdat ek 'n nasionaalvoelende Nederlander is, sou ek as ek 'n Afrikaner was, ook nasionaal gevoel het. Ek sou dus aansluit by die H.N.P., A.P. of O.B. Waar weet ek nie, want ek kan as 'n Nederlander nie oordeel nie omdat ek te min van u sake af weet. (Verkort).

## Skuilname

Die redaksie het verskillende briewe van persone ontvang wat onder skuilname hul menings uitspreek oor die provinsiale verkiesing. Aangesien die kieswet vereis dat die naam en adres van korrespondente tydens verkiesingstye ook moet verskyn, kon ons hierdie briewe ongelukkig nie opneem nie.

## VRYHEIDSDAG PAARL

Die Ossewabrandwag van die Kaapse Skiereiland, Stellenbosch en Paarl vier aanstaande Saterdag gesamentlik Vryheidsdag in die Paarl. Die verigtinge vind plaas op die Skouterrein en begin reeds om 5-uur nm. Genl. John Vorster van Brakpan sal gedurende die aand 'n toespraak lewer.




• WAARDE  
• KWALITEIT  
• VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

# UNIEWINKELS

— Beperk —  
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA  
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

\* HIER IS GERIEF EN BILLIKE TERME!! \*



Die 4-vt. „WELDOME”-slaapkamerstel volledig met hang-en dakruimte. Spieëltafel met swaaispieëls. KONTANT £41/13/-, of 'n deposito van £5/3/- en 24 maandelikse paaimeute van £1/16/6. Bypassende beddens verkrygbaar.

Skryf om ons gratis Meubelkatalogus met pryslys en meld wat u verlang.

Ons groot voorraad sluit in RADIO'S, WASMASJIENE, KOELKASTE, STOWE en POLITOERDERS.

— Groot afslag vir kontant —

**UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.**

VICTORIAWEG 171 — WOODSTOCK

Het u  
**SPRINGBOK**  
Medium  
probeer



Die Gelukkige Keuse

In Pakkies van 10, 20, 50. Met of sonder kurk.

## TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

**Huishoudelike Kennisgewings:**  
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertisies:**  
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK.,** Posbus 1411, Kaapstad.

## BOERMEEL

BOERMEEL op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; withroodmeel, 26/5; en meelblom, 25/1; plus bankkommissie, per 100 lb. sak. K.M.B. — Mission Store, Elim, K.P.

## BOME PLANTE EN SAAD

Vars, gesertifiseerde Australiese Bruin en Vroë Kaapse Plat Uiesaad, 9/6; Silver King-uiesaad, 9/6; Chantenay-wortelsaad, 10/-; Detroit-beet, 5/6, per pond posvry. — **Premiers, P.K. Schoemanshoek.**

## GROENTESAAD EN UIESAAD:

Vars en goewerments gesertifiseerd. Chantenay, 6/6, Detroit en Egiptiese Plat Beet 5/6, Greenfeast Saaderte 1/-, Vroë Kaapse Plat Uie, Copper King (laat uiesoort), almal 8/- lb. Posvry. Handelsnavrae verwelkom. — **Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn.** 16/2/TK

## MEDISYNE

**BLY JONK.** Verban gryshare. Gryshaarwonder, nuutste wêreldmiddel teen gryshare, skiffers, ens., waarborg gesonde, natuurlike kleur hare, of geld terug. Geen kleurstof. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwaile, siektes behandel. — **Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** (Nr. 1) 2/3/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker prys. Babawaentjies, stoetkarretjies, drieluise, linoleums, tapete, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.** 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasiweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregiereerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidspreekdiens op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIEENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

## TE KOOP

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaal in Unie, in 5 en 10 pond-kassies. Apperlinge 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8 1/4; Rosyne, 3-Diamant, 10 1/4 d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesukerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kassie, posgeld betaal in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesukerde en gedroogde vrugte ten behoeve van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

## SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaa. Soutwerke tevrede gehou gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloot, Bloemfontein.** 19/1/TK

**STEENMAAKMASJENE.** — „Kleine Wonder” vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 1/2 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjens (S.A.) Agentskappe, Posbus 18, Hopefield, K.P.** 18/8/TK

## RADIOTRONICS

(A. Perold en P. Brink)

Vir herstel en koop van **ELEKTRIESE APPARAAT** (Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kables in huise en fabriek)

Hoofstraat **BELLVILLE** Foon 97-9114.

## VERVOERDIENS

Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

## J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355 **PAROW**

## PLUIMVEE

Die Beste Firma om u **PLUIMVEE, EIER** en ander **PRODUKTE** aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.** (Edms.) Bpk.

**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

## MOET EK MY BROER HELP

(vervolg van bladsy 4, kolom 5)

Afrika te stem nie. Maar nou sê jy vir my dat hulle wel daarby betrokke is insover hulle vir senatore stem. Goed, dis al puntjie waar hulle op die portret kom. Maar — en dit is belangrik — dink jy vir een oomblik dat Max Smuts en Machiel Eloff, wat op 26 Mei stemme aangery het vir H.N.P.-kandidate, anders sou gestem het as 'n H.N.P.-L.P.R. — wat miskien nou glad nie eers daar sal wees nie? Indien ja, waarom huil julle dan nog oor ons stemme, dan is ons mos nie meer eerbare Afrikaners nie? Dan is ons mos „Sappe” en het julle geen aanspraak op ons stemme nie. Maar indien dit geen verskil sou maak nie, waarom het dr. Malan hulle dan geveto — om blank Suid-Afrika te red? Of om vir sy eie party 'n monopolie te verseker?

## NIE 'N MISDAAD

As ek dus hierdie keer buite stemming bly, laat ek nie 'n mede-Afrikaner in die steek nie, omdat ek as O.B. 'n befloete afgelê het, nie om 'n mede-Afrikaner in ALLES — selfs in sy misdade — te help en te beskerm nie, maar omdat ek onderneem het OM HOM BY TE STAAN IN SY STRYD OM BEHOUD VAN MY VOLK. En waar hy ten duidelikste aan my toon dat hy nie vir my volk stry nie, maar vir sy eie monopolie en daardeur juis my volk weens sy haatverblindheid in gevaar stel, is dit my plig om hom tot besinning te bring, al is dit met 'n harde stamp teen die grond. So 'n stamp sou die O.B. graag wou uitoeven by die provinsiale verkiesing, waar 'n ontnugtering vir die H.N.P. GEEN VERANDERING aan die sentrale regering te weeg kan bring nie, en dus slegs ten goede en nie ten kwade van my volk kan strek.

As die H.N.P.-leiding 'n toets wil maak van hul eie gesuiwerde krag, het hulle geen reg om 'n beroep op my eed te doen om hulle in hul proefneming te help en hulle sodoende onder 'n valse indruk te bring tot skade van my volk nie — veral nie nadat hulle hul eed teenoor my gebreek het nie.

Ek bly dus buite stemming met 'n rein gewete in die volle besef dat ek daardeur my volk wat afhanklik is van SAMEWERKING en nie van verbokkeling nie, 'n groot diens bewys — of liever kan bewys indien al my kamerade dieselfde doen.

Of dink jy ek moet vir my kwajong broer nog gereedskap aandra om ons erhuise se fundamente mee uit te grawe, want ek mag hom mos nie „in die steek” laat nie?!

## SAL NIE STEM

Die tak van die Afrikanerparty op Ysterplaat (kiesafdeling Vasco) het eenparig besluit om die provinsiale verkiesing te ignoreer.

Die voorstel wat op 'n vergadering van die tak aangeneem is, lui: „Hierdie vergadering van die Afrikanerparty, tak Ysterplaat, sê hulle volmondige steun toe aan die besluit van die Afrikanerparty in verband met die provinsiale verkiesing, soos deur die leier, mnr. N. C. Havenga, en die hoofbestuur van

## K.G. Oor Toekomst

(vervolg van bladsy 1, kolom 5)

stelling in ons land 'n groot diens bewys het deur die oorlogsjare heen (en ook na die oorlog) deurdat die O.B. die republikeinse gedagte vasgekopel het aan 'n volksbeweging wat buitekant die partye staan: Tot dusver was die republikeinse ideaal, wat sluimer of gloei in elke Afrikanerhart, grotendeels of uitsluitlik op die politieke partye aangewys om gedra te word.

Daardeur het die onvermydelike gevolg ook gekom dat een of ander party sigself voordoen as die alleendra van republikeanisme (wat onsin is) en daardeur al te dikwels die ander party — waarin daar ook republikeinse Afrikaners gehuisves is — by implikasie dwing om anti-republikeins te word, of om hul party te verlaat.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog is die republikeinse gedagte in Suid-Afrika nie meer uitsluitlik op een of meer politieke partye aangewys nie. 'n Partylose volksbeweging wat waaragtiglik sy republikeinse plig in die oorlogsjare nagekom het, het nou in die kryt getree. Sy republikeinse pligte nagekom het in die skadu van die kamp se doringdraad en die tronke se mure... selfs in die skadu van die galg... en wat daardeur die republikeinse gedagte 'n buitepartypolitieke anker gegee het. Dit is losser gemaak van die skommeling van hierdie of daardie party se beleid met hierdie of daardie verkiesing of hierdie of daardie koningsbesoek.

## DANKBAAR

En ek dink dat elkeen, of hy republikeinsgesind is of koningsgesind, of hy Afrikaans praat en of hy Engels praat, behoort dankbaar te wees dat daardie diepsnydende gedagte — al is dit ook maar ten dele — buitekant die partypolitieke strewe geneem is. Sodoende het dit die partye meer kans gegee om sake op hul meriete en afgesien van beroepe op sentiment te benader en aan te pak.

In verband met die Ossewabrandwag se republikeinse strewe word dit teen ons kop geslinger dat ons 'n eenpartystelsel of 'n diktatuur bepleit. En dit nogal deur die partyleiers wat verkondig dat slegs een party van jou 'n goeie Afrikaner kan maak. M.a.w. die mense wat binnekant die nasionale Afrikanerdom 'n eenpartystelsel nastreef is ons felste beskuldigers.

Laat ons met nadruk sê dat die Ossewabrandwag nie 'n eenparty-dog 'n geenpartystelsel as eindideaal stel: 'n partylose republiek. Hoekom? Omdat ons diktators wil speel of so iets? Nee, maar omdat ons volk nog nooit 'n ander soort republiek geken het nie.

Omdat dit die enigste inheemse republikeinse tradisie is. En wie daaraan twyfel kan weer skool toe gaan.

## LANDSAKE

Ek het dus die republikeinse strewe van die O.B. behandel, wat op hierdie plek en op hierdie dag 'n vanselfsprekendheid is, tensy mens die mantel na die wind wil draai omdat daar 'n verkiesing aan die gang is — 'n wind wat gereeld elke drie of vier jaar waai en dus kroniese manteldraaiery gaan veroorsaak.

Maar ek het ook gesê dat ons besef dat die oorgrote meerderheid van landsake met sentiment (hetsy republikeins of koninklik) niks te doen het nie en op daardie gebied is ons as landsburgers met pligsbesef bereid om ons deel by te dra.

Ons wil nie die posisie nog meer vertroebel deur nog 'n

party op die been te bring nie; ons wil ons plig doen in die bestaande partye. En omdat die een sy deure vir ons gesluit het en die ander sy deure vir ons oopgehou het — soos vir elke ander Afrikaner wat dit welmeen met sy land — het ons in daardie party met die oopdeur — die Afrikanerparty — 'n partypolitieke tuiste gevind.

## VERTROUE

Ons is daarvoor dankbaar en ek kan die Leier van daardie party die versekering gee dat ons deur troue en toegewyde diens sal trag om sy vertroue te regverdig. Veral omdat ons weet, al te goed weet, hoe mense wat dit met ons sleg meen en met hom nie goed meen nie, dag en nag trag om die vertroue te ondermyn en die

bronne te vergiftig.

Ons besef dat daar in die laaste jare, deur die uitsluiting van goeie nasionale Afrikaners uit die H.N.P., 'n alternatiewe nasionale party ontluk het — die Afrikanerparty — en ons is daarvoor dankbaar want dit is die rigting waarin ons die heil van hierdie volk sien. Gedra in die gees van generaal Hertzog en met 'n oop deur vir almal wat dit welmeen met Suid-Afrika, ongeag of hulle afstam van die Voortrekkers of die Setlaars van 1820, ongeag of hulle nuwe inkomelinge is en of hulle Afrikaans praat of Engels.

Ons algemene politieke pligte as Afrikaners (of Suid-Afrikanners, as sommige die woord verkies) doen ons op partygebied; ons spesifiek republikeinse plig as Boere leef ons in die O.B. uit.

## A.P.-Takke Steun Havenga

(vervolg van bladsy 7, kolom 5)

standpunt van mnr. Havenga en sy hoofbestuur uiteengesit het. Mnr. Jan de Waal, wat ook die vergadering toegesprek het, het gesê dat hy die leiding van mnr. Havenga gaan volg en dat hy alle lede van die tak aanraai om dit ook te doen. Aan die end van die vergadering, na heelwat vrae beantwoord is, het mnr. Tielman Roos die gevoel van die vergadering vertolk toe hy in sy bedankingswoord aan die sprekers instemming betuig het met die neergelegde beleid van mnr. Havenga. — (Berig deur H. Bosman, Bleakhouse, Faure).

## A.P. en O.B. Buite Stemming

Op 'n gesamentlike vergadering van die Afrikanerparty en die Ossewabrandwag wat op Sandfontein, O.V.S., gehou is, is eenparig besluit om met die provinsiale verkiesing nie te gaan stem nie, daar „ons oortuig is dat die H.N.P.-leiding partybelang bo volksbelang verkies, omdat die H.N.P. weier om A.P.-kandidate wat ook O.B.-lede is te steun om Suid-Afrika 'n witmansland te hou. Daarom glo ons dat die H.N.P. tog ook nie kan verwag dat die A.P. en O.B.-lede vir partybelang vir die H.N.P.-kandidate moet stem nie.”

Hierdie berig, voeg ons korrespondent by, is op aandrang van H.N.P.-lede wat voel dat die O.B. en A.P. reg aan hul kant het, ook aan Die Volksblad en Die Transvaler gestuur.

Slegs Die Volksblad het dit gepubliseer. (Berig: D. F. Meyer, Posbus 33, Tweeling).

## Sal Nie Deelneem In Pietersburg

Op 'n Afrikanerpartytakvergadering gehou te Dendron op 12 Februarie is eenparig besluit dat die vergadering die optrede van min. Havenga waardeur en aanvaar en dat die tak geensins aan die komende provinsiale verkiesing sal deelneem nie. — (Berig: S. J. P. R. Viljoen, Dendron, oor Pietersburg).

\*\*\*\*\*



Genl. C. Pretorius van die Paarl wat van Hoofkommandant tot die rang van Generaal bevorder is.

## Waarom Neem O.B. Nie Deel

(vervolg van bladsy 8, kolom 3)

En tot hierdie gevolgtrekking hoef mens nie net te kom omdat jy dr. Malan anders as abnormaal sal moet beskou nie. Daar is ander vingerwysings ook. Op 20 September 1944 het dr. Malan op die Transvaalse kongres van sy party die volgende uitlating gedoen wat o.a. in Die Burger van 21 September van daardie jaar as volg gerapporteer is:

„In 1929 het die Nasionale Party die kleurvraagstuk op die voorgrond geplaas en die verkiesing van toe het die Nasionale Party 'n meerderheid bo alle partye gegee. Wat in 1929 moontlik was, is weer moontlik.”

## EERSTEMAAL

Wat beteken dit? Dit beteken dat dr. Malan besluit het om die kleurvraagstuk „na vore te

bring” bloot ten einde „'n meerderheid bo alle partye” te behaal — daarom kon Brakpan maar val! En nou, op 9 Maart, word vir die eerste keer in ons geskiedenis 'n provinsiale raadsverkiesing gevoer oor die „kleurvraagstuk” en wel op 'n metode wat mens laat dink dat dr. Malan abnormaal is as hy werklik blank Suid-Afrika se redding beoog.

Maar hy is nie abnormaal nie — hy begeer net „'n meerderheid vir die H.N.P. bo ALLE partye” — ook bo mnr. Havenga se party, en daarom word die kleurvraagstuk „na vore gebring” in 'n verkiesing wat oor hospitale, skole en ongediertes moet gaan, want „wat in 1929 moontlik was, is weer moontlik.”

Ons het nie met dom mense te doen nie!

# VADERLAND GEE REDES VIR GEEN DEELNAME OP

## 9 MAART

Die argument dat blank Suid-Afrika by hierdie verkiesing beveilig moet word, kan nie volgehou word nie, anders sou dr.

Malan sodanige beveiliging nooit opgedra het aan 'n gesamentlike komitee van die twee huise van die parlement nie, so gaan die argument dat die stryd oor die Kommunisme gaan, ewe min op omdat die Kommunisme 'n saak vir die parlement is en nie vir die provinsies nie.

So skryf Die Vaderland, orgaan van mnr. Havenga, na aanleiding van 'n brief en 'n uitlating van dr. Theo Wassenaar dat die Afrikanerparty aan die verkiesing gaan deelneem. Die blad verklaar dat dr. Wassenaar die bed mooi netjies omgekeer het sonder om die slaper te wek. „Want daar is tog duidelik gesê die Afrikanerparty staan in hierdie verkiesing „passief“; maar dr. Wassenaar konstateer (volgens sy party-organ). „In hierdie verkiesing durf niemand passief wees nie, . . . Baie mense dink die Afrikanerparty het besluit om buite stemming te bly, maar dit is nie juis nie.“ Nou hoe op aarde!

### GEEN OOREENKOMS

„Dit is klaarblyklik baie noodsaaklik om 'n endjie op die afgelegde pad terug te loop. En allereers is dit nodig om daarop te wys dat, terwyl daar op 26 Mei jl. ooreenkoms en samewerking verwerf is tussen die twee onafhanklike nasionaalgesinde partye wat betref kan-

didate, sodanige ooreenkoms nie gevind kon word vir die verkiesing wat op 9 Maart kom nie. Wel is gehoop dat dieselfde reëlins sou geld, maar dit het nie so uitgeval nie.

### TWEE REDES

„Daarvoor was daar twee redes. In die eerste plek het die Afrikanerparty, na die gladde samewerking van verlede Mei, gestuit teen die onwil van die H.N.P. in die Vrystaat om homself die geleentheid te vergun om vier setels (uit 25) wat die Smuts-mense tans beset, te betwis. Tweedens is daar, op krag van die toegewings van verlede jaar, toe mnr. Havenga, ter wille van die lieue vrede twee O.B.-kandidate laat vaar het, 'n eis gestel dat hy ook nou geen A.P.-lid wat 'n O.B.-geurtjie mag hê, sal kandideer nie. Dit sal beteken dat die H.N.P. die reg wil bestendig om kandidate te keur van 'n party wat absoluut selfstandig is en by ooreenkoms die behoud van eie identiteit gewaarborg is. So iets kan mnr. Havenga hom begryplik nie laat welgeval nie. In die omstandighede het hy al sy kandidate teruggetrek en verklaar dat hy passief gaan staan in die provinsiale verkiesing. Hierin is hy gesteun deur die Hoofbestuur en sy kongres.

### SMUTS GEEN L.P.R.

„Laat ons nou heeltemal duidelik wees. Mnr. Havenga se volle reg om hierdie stap te doen word allerweë erken. Hy kon dit ook met die grootste vrymoedigheid neem. Oplaas, genl. Smuts is reeds verslaan en hoof nie 'n tweede maal verslaan te word nie. Genl. Smuts is immers nie Provinsiale Raadslid nie. 'n Ander oorweging wat soms verneem is, is dat die blanke beskawing dan by hierdie verkiesing beveilig moet word. So 'n argument kan nie volgehou word nie, anders sou dr. Malan sodanige beveiliging nooit opgedra het aan 'n gesamentlike komitee van twee huise van die Parlement wat eers, heel gemoedelik, gevra sal word om a.s. jaar te rapporteer nie — dus nege, tien maande nadat die Provinsiale stryd besleg sal wees. Die kommunisme dan? Hierdie argument gaan ewe min op: ook die Kommunisme is 'n saak vir die Parlement, nie vir die Provinsies nie.

### MOET BEWYS HOE SWAK A.P. IS

„En so word dit al gaande duideliker dat al wat by hierdie Provinsiale verkiesing uitgemaak kan word, is die gewone sake van paaie, hospitale, onderwys — en geeneen van hulle staan op die oomblik juis in die branding nie. As die H.N.P. dan sou besluit om hierdie keer te kyk wat hy kan versit sonder die steun van die kleinere en swakkere, hoewel gelykwaardige bondgenoot van die heuglike parlementêre verkiesing, dan moet sy volle reg daartoe erken word. Maar dan, ooreenkomstig sy uitgangspunt, kan hy die Afrikanerparty nie verkwalik

neem as laasgenoemde nie sy getalle gaan oorpak in die pan van die skaal nie, om sodoende te bewys hoeveel ligter hy kwansuis is (en bygevolg hoeveel minder setels hy 'n volgende keer hoef te ontvang) as sy bondgenoot. Nee, om „passief“ te wees beduie seer seker nie dat die Afrikanerparty homself moet uitwis nie.”

### HAVENGA TEL GEEN KOPPE

Die blad verklaar dat dit sy antwoord is aan mense wat voel soos die korrespondent. „As daar koppe getel moet word (wat ons betreur), dan moet die bondgenote hulle eie koppe tel. Maar ons merk hierby aan: As daar op hierdie wyse te werk gegaan was, dan het ons nooit dié sege van 26 Mei behaal nie. Daar is dinge wat swaarder tel vir die Afrikanerparty; daarom het mnr. Havenga geen oomblik geaarsel nie toe genl. Smuts onlangs met sy wantroue-mosie dié aas van koppe-tel vir hom uitgegooi het. So is die regering staande gehou. Dit is die gees wat behoue moet bly.”

## KIESERS SE KOS

Op Wellington het dr. Van Rensburg hom uitgespreek teen die haataanblasing in die boesem van ons volk. Die huidige verkiesing gaan weereens gepaard met die grootste haatopsweping tussen volkgenote en een van die dinge wat hierin voorrang geniet is die beskuldigings oor en weer van boewery weens die opbreking van vergaderings. Daarmee moet nou stemme gewerf word ten opsigte van sake wat gaan oor die onderhoud van hospitale, skole en paaie.

Tot watter mate hierdie gifvraag oor die volk versprei word, blyk uit die feit dat twee Kaapstadse koerante — een van die H.N.P. en die ander van die V.P. — alleen tesame 14 kolom, of meer as 280 duim, in die kort tydperk van 5 dae gewy het aan hierdie ónsmaaklike onderwerp. Van 15 tot 19 Februarie het Die Burger 176 duim — ongeveer 9 kolom — en die Cape Times 106 duim — of 5 kolom — aan hierdie soort beriggewing en kommentaar afgestaan. Dis maar twee koerante uit 'n paar dosyn.

Die rede hiervoor is omdat die rede hiervoor is omdat die verkiesing nie gaan tussen PERSONE met verskillende bekwaamheid of beleid nie, maar tussen twee oorlogvoerende partye waar die blote oorwinning van die een bo die ander baie meer tel as die sake wat op die spel is.

Die Ossewabrandwag wil die volk van hierdie toestand bevry deur hom 'n staat te gee waarin hy kan stem oor die verdienste van sake of persone, soos in die dae van die Boere-republieke, en nie op grond van die feit dat dié of daardie party meer vergaderings opbreek as die ander nie.

# A.P.-Takke Staan By Min. Havenga

Die besluit van min. N. C. Havenga om die Afrikanerparty aan die provinsiale verkiesing te onttrek, is die afgelope week deur die Afrikanerparty van Bloemfontein bekragtig. Ook die besluit om passief te wees, is aanvaar.

Mnr. J. G. Benade, voormalige burgemeester van Bloemfontein, wat onlangs uit die H.N.P. bedank het, is gekies as voorsitter van die Sentrale tak van die party. Ander lede van die bestuur is prof. C. J. Uys, mnr. A. Horak, mnr. H. C. Fourie, mnr. D. J. Maree, mnr. J. van Tonder, mnr. Boy Nel, en mnr. A. J. Bruwer (sekretaris).

Mnr. Benade wat die aanwesiges toegesprek het, het verklaar dat hy daarvan oortuig is dat die H.N.P.-leiers onopreg is met hul sogenaamde beleid van samewerking met die Engelssprekende bevolking en ander politieke groepe in Suid-Afrika.

Sapa berig uit Johannesburg dat nie een van die A.P.-volksraadslede, insluitende mnr. Havenga, op 9 Maart gaan stem nie. 'n Segsman van die party het verklaar dat ook nie een van die lede van die hoofbestuur sal stem nie en dat tussen 80 en 90 persent van die lede buite stemming sal bly.

## Konferensie Steun Min. Havenga

Op 'n konferensie van Afrikanerparty-takke van die kiesafdeling Beaufort-Wes en om-

liggende kiesafdelings wat op Fraserburg gehou is op 12 Februarie is eenparig besluit dat die konferensie goedkeuring heg aan die besluit wat mnr. Havenga en sy hoofbestuur op 11 Desember 1948 geneem het, en wat lui dat die Afrikanerparty hoegenaamd nie aan hierdie verkiesings gaan deelneem nie. Die konferensie het die houding wat deur die H.N.P.-leiding ingeneem word, ten seerste betreur en die standpunt ingeneem dat in belang van samewerking die leiding van mnr. Havenga stiptelik gevolg moet word. Die konferensie is toegesprek deur mnr. J. F. van Wyk van Loxton, wat 'n lid van die hoofbestuur van die party is. — (Berig deur D. J. van Wyk, Saaifontein, Frasersburg).

## Vlaeberg Se A.P. Wil Nie Stem Nie

Op 22 Februarie is 'n vergadering van die tak Vlaeberg van die Afrikanerparty in die kiesafdeling Stellenbosch gehou onder voorsitterskap van mnr. E. Wium, waar mnr. W. R. Laubscher, sekretaris van die party in Wes-Kaapland, die

(vervolg op bladsy 6, kolom 4)

## Die Week In Oënskou

Arbeidsburo's sal dwarsdeur die Unie in die lewe geroep word wat sal help om plaasarbeid te verskaf. Die regering het hiertoe besluit om die te kort aan plaasarbeid die hoof te bied.

Sedert die Parlement verlede jaar hersaamgestel is, is daar reeds vyf volksraadslede oordele, vier van die Verenigde Party en een van die H.N.P. Die jongste vakature in die volksraad is veroorsaak deur die dood van mnr. T. P. Gray, Verenigde Party L.V. vir Kensington.

Paaie wat nie in die planne van die nasionale paaie val nie maar wat tot groot diens van die provinsies sal wees, sal moontlik in die toekoms uit die hande van plaaslike besture geneem word, volgens die Minister van Vervoer aangekondig het.

Naturelle en Indiërs het weer in Durban gebots. Die naturelle beweer dat hulle deur die Indiërs aangerand is. Die naturelle gaan nog steeds voort met hulle boikot van Indiërwinkels en talle naturelle het reeds aansoek gedoen om handelslisensies.

Dr. G. E. N. Ross, wat tydens die algemene verkiesing as kandidaat van die H.N.P. nie die paal in die kiesafdeling Johannesburg-Wes gehaal het nie, is deur die regering as voorsitter van die Diamantraad aangestel. Hy neem die plek in van dr. Karl Bremer wat senator geword het.



## „Elke Sigaret 'n Meesterstuk”

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.



**Rembrandt**  
ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook”.

# WAAROM NEEM O.B. NIE DEEL NIE?

Waarom neem die Ossewabrandwag se lede hierdie keer 'n passiewe houding in met die verkiesing?

Daar is H.N.P.-lede wat beweer dat dit maar hul ou laai is — hulle het nog altyd geweier om vir die H.N.P. te stem, so word gesê. Ons ken hierdie bewering. Hy het soms in 'n kwaaiër vorm verskyn. So het O.B.-lede in Caledon, wat die moeite gedoen het om te gaan stem vir die H.N.P.-kandidaat, later moes verneem — en dit in die pers — dat hulle vir die Sap-kandidaat gestem het. Dieselfde het gebeur met 'n tussenverkiesing in Newcastle 'n paar jaar gelede, waar die O.B.-leiding aktiewe propaganda vir die H.N.P.-kandidaat gemaak het, maar later moes verneem dat hulle in die openbaar hul steun verleen het, maar by die stembus vir die Sap-kandidaat gestem het.

In Wakkerstroom se tussenverkiesing het die patroon van ondankbaarheid 'n bietjie anders gelyk. Nadat die plaaslike hoofkommandant met sy manne in volle sterkte opgeruk het, het Die Transvaler dit as bewys aangegryp van hoe die H.N.P. in daardie kiesafdeling groei! Hierteen het die Hoofkommandant die sterkste protes laat hoor en dit 'n verbreking van 'n voorwaarde aan H.N.P.-kant genoem.

In elk geval, konsekwent sedert die oorlogverklaring van dr. Malan aan die O.B. in 1941 het die Ossewabrandwag se lede soos een man vir die H.N.P. in verkiesings en tussenverkiesings gestem. In 1943, met die algemene verkiesing, was die opdrag van die O.B.-leiding aan sy lede om waar moontlik te stem vir 'n goedgesinde kandidaat, maar om in elk geval anti-empire te stem, d.w.s. H.N.P. waar geen ander anti-Empire-kandidaat staan nie.

## „ALMAL BONDGENOTE”

Op 22 November 1947 — dit wil sê ses maande voor die algemene verkiesing — het dr. Van Rensburg op die Paarl in baie uitdruklike taal sy mense aangemoedig om soos een man „die vyand in die Unie-gebou” te storm, aangesien ons nou „geen twis meer met die H.N.P. het nie” weens ons inskakeling tot die gemeenskaplike stryd deur middel van die Afrikaner-party. (Die O.B., 26 November 1948 — Die Burger het die toespraak nie gepubliseer nie.)

Op 22 November 1947 was die Ossewabrandwag dus bereid om sy kragte soos een man agter die H.N.P. en A.P. in te werp.

Maar wat gebeur toe? Adv. Vorster word deur die H.N.P.-leiding as A.P.-kandidaat in Brakpan geveto omdat hy ook lid van die O.B. is, en die huidige min. Ben Schoeman sê openlik aan adv. Vorster dat hy liever die Sap in die parlement sien as vir hom!

## LIEWER SAP AS O.B.

Adv. Vorster het twee jaar lank in die interneringskamp gelê, en hier word aan hom deur 'n H.N.P.-leier gesê dat hy die Sap bo hom verkies! En dit nadat die O.B.-leier sy mense aangemoedig het om soos een man met die H.N.P. saam te veg teen „die vyand in die Unie-gebou”!

Wat kon die O.B. toe anders glo as dat die kreet oor blank Suid-Afrika 'n holle, oneerlike partypolitieke kreet is ter versterking van een bepaalde party?

Want as daar in Brakpan 'n Sap maar kan inkom in die plek van 'n republikein wat in die Empire-kamp gelê het, dan is blank Suid-Afrika seer seker nie in gevaar nie — in elk geval nie weens die teenwoordigheid van Sappe in die parlement nie!

## K.G. GEE NOG TOE

Dwarsdeur die land wou die O.B. toe buite stemming bly, en op Worcester het 'n groot O.B.-

laer die Kommandant-generaal versoek om so 'n houding in te neem. Dr. Van Rensburg wou egter nog nie tot 'n uiterste stap oorgaan nie, en hy het versoek dat, aangesien die H.N.P.-leiding in sy onversoenlikheid volhard, plaaslike vredes gesluit word sodat die O.B. wel sy deel kan neem aan die omverwerping van genl. Smuts. EN MET HIERDIE HULP IS GENL. SMUTS VERSLAAN!

Maar wat was die H.N.P.-dank hiervoor? Drie A.P.-kandidate vir die provinsiale raad word deur hulle geveto op grond daarvan dat hulle O.B.-lede is — ondanks die feit dat twee van hulle aktief behulpsaam was met die vorige verkiesing op grond van plaaslike ooreenkomste waarin „diskriminasie teen mede-Afrikaners” 'n saak van die verlede gemaak is.

## EN DR. MALAN?

Nou word gesê die O.B. moenie dink aan dr. Malan nie, maar aan die volk. Die vraag is natuurlik: het dr. Malan nie ook 'n plig om aan sy volk te dink nie, en as blank Suid-Afrika dan by 'n provinsiale verkiesing gered moet word, is dit dr. Malan se bydrae tot daardie redding om 'n groot deel van blank en nasionale Suid-Afrika uit te skakel uit die stryd?

Slegs 'n abnormale mens sal soiets doen. Maar ons glo nie dr. Malan is abnormaal nie. Hy weet presies wat hy doen. Maar waarom doen hy dan wat ons normaalweg nie van hom verwag nie?

## IETS ANDERS

Die antwoord is: omdat dr. Malan nie die dinge beoog wat ons dink hy beoog nie. As hy blank Suid-Afrika by hierdie verkiesing wou red, sou hy elke blanke krag ingespan het tot die stryd. Ons het dus rede om te glo dat dr. Malan iets anders beoog as die redding van blank Suid-Afrika, anders sal ons moet glo dat hy abnormaal en totaal onbekwaam is. Daardie „iets anders” is die monopole of alleenheerskappy van sy eie party, en die uitskakeling van alle ander nasionale partye en groepe.

Maar nou word die volk wysgemaak dat sy bestaan op die spel is en dat hierdie provinsiale verkiesing nie oor skole, hospitale en ongediertes gaan nie, maar oor apartheid — 'n saak wat dr. Malan op die oomblik besig is om MET DIE HULP van genl. Smuts en mnr. Christie „bo en buite die partyarena” gesamentlik aan te pak!

## „BO ALLE PARTYE”

Ons glo dus dat hierdie „blank Suid-Afrika”-kreet 'n holle, oneerlike partypolitieke kreet is. (vervolg op bladsy 6, kolom 4)

(Verantwoordelike vir alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe word, tensy anders vermeld, aanvaar deur N. G. S. van der Walt, Grootte Kerk-gebou 703, Kaapstad.)

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Bepers, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepers, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# WAS OP 26 MEI TEEN DISKRIMINASIE

Op versoek herhaal ons hier die sewe-en-dertig name van H.N.P.-volksraadslede en -kandidate wat voor 26 Mei 1948 by wyse van ooreenkomste vrede met die Ossewabrandwag gesluit het en die verkiesing met die steun van die O.B. tegemoet gegaan het.

In hoever hierdie ondernemings nagekom is, laat ons aan die oordeel van ons lesers oor ('n sterretjie dui aan dat die kandidaat tans L.V. is).

- |                                       |                                         |
|---------------------------------------|-----------------------------------------|
| * Mnr. J. H. Fouché, Rustenburg.      | Dr. J. H. Loock, Vereeniging.           |
| * Mnr. Tom Naudé, Pietersburg.        | * Ds. J. F. van Schoor, Soutpansberg.   |
| * Mnr. J. H. Klopper, Vredefort.      | Mnr. J. H. Gertzen, Edenvale.           |
| * Mnr. S. H. Eyssen, Heidelberg, Tvl. | * Mnr. G. P. Brits, Losberg.            |
| * Kol. J. Wilkens, Ventersdorp.       | * Mnr. D. P. van Heerden, Pretoria-Wes. |
| * Mnr. A. Steyn, Kroonstad.           | Mnr. J. C. McCord, Pretoria-Stad.       |
| Mnr. B. J. J. van Rensburg, Vasco.    | * Prof. A. I. Malan, Gezina.            |
| * Maj. P. W. A. Pieterse, Heilbron.   | Dr. G. W. Eybers, Pretoria-Oos.         |
| * Mnr. P. J. Hugo, Paarl.             | Mnr. J. C. Louw, Caledon.               |
| * Mnr. J. H. A. Abraham, Groblersdal. | * Mnr. D. C. Uys, Bredasdorp.           |
| * Mnr. A. I. Ludick, Lichtenburg.     | * Mnr. S. E. Warren, Swellendam.        |
| * Mnr. D. C. S. Grobler, Marico.      | * Kol. J. L. Döhne, Frankfort.          |
| * Mnr. D. J. Mostert, Witbank.        | * Mnr. P. J. Olivier, Kuruman.          |
| * Mnr. T. J. Frates, Koedoespoort.    | * Mnr. J. H. Conradie, Gordonia.        |
| * Mnr. Jan Wilkens, Klerksdorp.       | J. H. Basson, Boksburg.                 |
| * Mnr. W. H. Fourie, Barberton.       | * Dr. N. Diederichs, Randfontein.       |
| Mnr. B. J. Seyffert, Sunnyside.       | * W. C. du Plessis, Standerton.         |
|                                       | * J. E. Potgieter, Brits.               |
|                                       | * Dr. Albert Hertzog, Ermelo.           |
|                                       | * Mnr. A. J. B. Deysel, Noordoos-Rand.  |

## ONS HELP HULLE WAT ONS HELP. DIE ADVERTEERDERS HELP ONS.

# 'n Eerbare Man Se Woord Is Sy Eer

Tydens die algemene verkiesing wat op 26 Mei 1948 plaasgevind het, het die Herenigde Nasionale Party in die kiesafdeling Bredasdorp die steun van die Ossewabrandwag verkry toe die H.N.P.-kandidaat, mnr. D. C. H. Uys, tans L.V., 'n skriftelike onderneming teenoor die O.B. gegee het. Op 20 Mei het die Distriksbestuur van die party en die kandidaat die volgende ooreenkomste onderteken:

„Met die oog op die gevare wat ons volk bedreig voel ons dat dit gebiedend noodsaaklik is dat elke nasionaalgesinde stem teen die huidige bewind uitgebring sal word, daarom voel ons verder dat dit gebiedend noodsaaklik is dat alle misverstand tussen Afrikaners en Afrikaner-organisasies uit die weg geruim behoort te word en dat alle kwetsende en steurende besluite en maatreëls teen mekaar gewysig of herroep moet word en ons sal ons vir sulke herroeping beywer.

„Ons onderneem gevolglik wederkeriglik om elke poging aan te wend om mekaar te steun en te help om op hierdie pad en in diens van die Afrikanervolk mekaar te vind en hartlike samewerking te bewerkstellig.

„Aldus gedaan en onderteken te Heidelberg (Kaap) op hierdie 20 dag van Mei 1948.

„NAMENS DIE H.N.P.:  
D. C. H. Uys (H.N.P.-kandidaat).  
F. Uys (Voorsitter).  
J. J. Langenhoven (Distriksleier).  
J. Uys.

„NAMENS DIE O.B.:  
J. L. Swart (Generaal A19).  
N. Uys (Komdt.).  
M. L. Geldenhuis.”

Waarom is daar in Desember 1948 minder van „beywer vir die herroep van steurende besluite” gehoor toe die H.N.P.-leiding spesifiek besluit het om teen O.B.-lede te diskrimineer deur te weier om hulle as A.P.-kandidate te aanvaar?

# 'n Eerbare Man Se Woord Is Sy Eer

Voor die algemene verkiesing wat op 26 Mei 1948 plaasgevind het, het die H.N.P.-kandidaat in die Paarl, mnr. Pieter Hugo, tans L.V., 'n skriftelike ooreenkoms met die Ossewabrandwag aangegaan en so die steun van die O.B.-kiesers verkry wat hom die oorwinning besorg het. Die ooreenkoms lui:

„Die Herenigde Nasionale Party, die Afrikaner-party en die Ossewabrandwag in die kiesafdeling Paarl besluit om voortaan as aparte groepe saam te werk op elke terrein waar dit hulle gemeenskaplike belang geld, en waar hulle mag verskil, besluit hulle om in liefde van mekaar te verskil.

„Aangesien die belange van die volk in die komende verkiesing op die spel is, sal hulle as aparte organisasies hartlik saamwerk soos dit Afrikaners betaan.

„Met die oog op samewerking op terreine van gemeenskaplike belang sal daar 'n skakelkomitee in die lewe geroep word.”

Die ooreenkoms is onderteken deur die kandidaat, mnr. P. J. Hugo, wat ook namens die H.N.P. geteken het, en mnr. Max Smuts, namens die O.B.

Waarom is daar in Desember 1948 toe dr. Malan geweier het om mnr. Max Smuts as A.P.-kandidaat te aanvaar, minder gehoor van „samewerking op terreine van gemeenskaplike belang” as gedurende Mei-maand?